# 'N WOORD VOORAF

Dit was 'n gelukkige dag vir die Ned. Hervormde Kerk en vir ons volk, toe Prof. Dr. B. GEMSER besluit het om gehoor te gee aan die roepstem om na Suid-Afrika te kom en die taak op hom te neem om te help met die opleiding van ons teologiese studente. Sy aanstelling as professor in die Ou Testamentiese Vakke het nie alleen vir die Teologiese Fakulteit, Afdeling A, en vir die Ned. Hervormde Kerk van Afrika groot betekenis gehad nie, maar ook vir die Teologie in Suid-Afrika. Hy is 'n man wat as wetenskaplike bekend is buite die grense van Suid-Afrika sowel as die van Nederland, die land van sy herkoms. Aanloklike aanbiedings van Nederlandse Universiteite is verskeie kere aan hom gedoen, maar hy het dit van die hand gewys en onder ons gebly. Die Kerk waardeer dit ten seerste. Ons kan ons die opleiding van ons predikante vir die afgelope vyf-en-twintig jaar nie goed voorstel sonder Prof. GEMSER nie. Hy het die hoë wetenskaplike karakter daarvan help vorm, en sy beskeie en diep religieuse aard het 'n baie heilsame invloed op die studente gehad. In die Kerk word groot waarde geheg aan en met groot eerbied geluister na sy woorde Ons dink ook met groot waardering aan sy belangrike werk in verband met die Gesangeberyming en die oorsetting van die Formuliere en Liturgiese geskrifte in Afrikaans. Sy grootste betekenis lê egter in sy werk in verband met die uitlegging van die Ou Testament. Hier het hy 'n skool gestig.

Waar hy nou sy vyf-en-twintigjarige ampsfees vier bid die Kommissie van die Hoogeerw. Algemene Kerkvergadering hom en Mevr. GEMSER Gods rykste seëninge toe. Mag hul lank vir mekaar en vir die Kerk gespaar bly.

A. OOSTHUYSEN,

*Voorsitter v/d. Kommissie v/d. Hoogeerw.*
*Alg. Kerkvergadering.*